UITTREKSEL UIT:

HANTAM MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 31 MAART 2021 IN DIE RAADSAAL, KOMMANDO KANTORE, DORPSTRAAT, CALVINIA

TEENWOORDIG

Rdl. R.N. Swartz (Burgemeester)
Rdl. A.J.E. Claassen
Rdl. H. De Wee
Rdl. J.E. Steenkamp
Rdl. H.C. Steenkamp
Rdl. R. Van Wyk

AMPTENARE

Mnr. J.I. Swartz	:	Munisipale Bestuurder
Mnr. W.C. Jonker	:	Senior Bestuurder: Finansies en Korporatiewe Dienste
Mnr. J.R. Van Wyk	:	Senior Bestuurder: Tegnies en Gemeenskapsdienste
Mnr. G. Mathys	:	Wnde Afdelingshoof IDP/LED
Me. M. Jooste	:	Hoof: Interne Ouditeur
Me. E. De Wet	:	Afdelingshoof: Korporatiewe Dienste
Me. J.C. Louw	:	Admin Beampte: Komitees

AFWESIG MET VERSKONING

RAADSLEDE

Rdl. K. Alexander	:	Skriftelike verskoning
Rdl. G. Gous	:	Skriftelike verskoning
Rdl. J.H.N. Klaaste	:	Skriftelike verskoning

Verskonings word deur die Voorsitter aanvaar.

R05/03-21 KONSEP JAARVERSLAG TEN OPSIGTE VAN DIE 2019/2020 FINANSIëLE JAAR

BESLUIT:

Dat-

1. Kennis geneem word van die konsep jaarverslag vir die 2019/2020 finansiële jaar wat ter tafel gelê is.

2. Die Raad die aanbevelings soos in die aangehegde prestasie evaluerings uitkomste aanvaar.

3. Die konsep jaarverslag vir die 2019/2020 finansiële jaar vir openbare insette geadverteer word met sluitingsdatum op 4 Mei 2021.

4. Die konsep jaarverslag vir die 2019/2020 finansiële jaar aan die Ouditeur-Generaal, Provinsiale Tesourie en die Provinsiale Departement verantwoordelik vir Plaaslike Regering voorgelê word.

5. Die "MPAC" die 2019/2020 jaarverslag na die publieke deelname proses evalueer en aan die Raad verslag doen.

6. Kennis geneem word van die verslag van die Ouditeur-Generaal wat deel vorm van die jaarverslag en die prestasie van die munisipaliteit vir die 2019/2020 finansiële jaar.

Voorstel: Rdl. H.C. Steenkamp
Sekondant: Rdl. J.E. Steenkamp